LAERSKOOL BUFFELJAGSRIVIER

ALUMNI

“Oud Buffeltjies”

Visie en Missie

- Laerskool Buffeljagsrivier-oud Buffeltjiebond se visie is om 'n besondere band te snoer met oudleerlinge asook oudonderwysers om sodoende verseker dat die skool se tradisies, fasiliteite en prestasies uitbrei.

  Daarom is dit ons missie om:

- Uitdagings wat die skool bied in ontwikkelingsgeleenthede te omskep
- Geleenthede te skep vir reunies ten einde ou vriendskappe te hernieu en nuwes te smee
- Aktief lede te werf om 'n dinamiese oudleerlingbond en oudonderwyserbond te verseker
- Effektiewe kommunikasiestrukture daar te stel
- Trots, erkentlikheid en toegeneentheid teenoor en by Laerskool Buffeljagsrivier te kweek jeens hul skool, sy roemryke geskiedenis en diegene wat daaraan deelgeneem het

Saamtrekke en reünies

Reünies word in tienjaar-frekwensies gereël om saam te val met hoogtepunte op die skoolkalender

Lidmaatskap

Ledegeld: R100 per jaar

Webblad

Die doel van die “Alumni” afdeling op die webblad is om kommunikasie tussen oud-Buffeltjies te verbeter. Die webblad stel oud-Buffeltjies in staat om van enige plek en tyd hulle kontakbesonderhede van reg oor die wêreld op datum te hou. Sodoende kan ou vriende skakel en nuwe vriendskappe kan opgebou word.